## Vraag 3: Opsomming [5]

Rangskik die volgende sinne in die regte volgorde. Skryf die letter wat pas, langs die nommer.

**A.** Daarna gaan hy na die skoolpark toe. **(1)**
**B.** Op die einde het hy gillend en singend huis toe gegaan. **(1)**
**C** Met sy aankoms het hy hom na die sokkerveld gehaas. **(1)**
**D.** Tumi het sy span aanhou ondersteun. **(1)**
**E.** Een Saterdag wou mamma weet waarheen Tumi gaan. **(1)**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1. | 2. | 3. | 4. | 5. |

**Totaal Vraag 3:_____/5**

TOM NEWBY SCHOOL

## Vraag 4: Taal in konteks [10]

**4.1** Gee die meervoud vir **sokkerspan**. **(1)**

Een sokkerspan, baie _________________

**4.2** Skryf 'n sinoniem vir **lawaa**i uit paragraaf 4 neer. **(1)**

lawaai – _______________

**4.3** Skryf die teenoorgestelde van **begin**. **(1)**

Begin - ________________

**4.4** Vul die regte voornaamwoord in die volgende sin in. **(1)**

**Tumi** het 'n vuvuzela. Dit is **sy** vuvuzela. Die Vuvuzela is ______.

LIVEWORKSHEETS

**4.5** Verbind die volgende twee sinne met die voegwoord, **want**. **(1)**

Tumi was baie gelukkig. Sy sokkerspan het gewen.

___________________________________________________________________

**4.6** Onderstreep die **bywoord** in die volgende sin. **(1)**

Tumi het die hardste gesing.

**4.7** Vul die **leesteken(s)** in. **(1)**

Het jy vergeet

**4.8** Voltooi die sin deur die regte **voorsetsel** in te voeg. **(1)**

Hy het gou vir hom 'n sitplek __________ die voorste ry gaan soek.

**4.9** Kies die korrekte spelling. **(1)**

Tumi se span het die (**wedstryd** / **wedstryt**) gewen.

**4.10** Verdeel die volgende woord in **lettergrepe**. **(1)**

wedstryd = ______________________

**Totaal Vraag 4:____/10**

TOM NEWBY SCHOOL

LIVEWORKSHEETS